

Maak Jou Eie Elegante Spieëltafel.

In die Junie-uitgawe van *tuis* het die selfdoenspan gewys hoe om 'n tafel wat met spieëlpanele "oorgetrek" is, te maak. Dit pas goed in by enige omgewing en lyk asof dit minder plek in beslag neem.

Inkopielys

Saaglys: 16 mm-Supawood

- Bokant: 1 plank van 1200 x 368 x 16 mm
- Lang sy: 2 planke van 1200 x 100 x 16 mm
- Kort sy: 2 planke van 400 x 100 x 16 mm
- Pootkant A: 4 planke van 800 x 100 x 16 mm
- Pootkant B: 4 planke van 800 x 84 x 16 mm
- Pootkant C: 4 planke van 884 x 84 x 16 mm
- Pootkant D: 4 planke van 884 x 68 x 16 mm

Saaglys: 4 mm-spieël (met skerp rande verwyder)

- Bokant: 1 paneel van 1240 x 408 x 4 mm
- Lang sy: 2 panele van 1240 x 100 x 4 mm
- Kort sy: 2 panele van 400 x 100 x 4 mm
- Pootkant A: 4 panele van 800 x 108 x 4 mm
- Pootkant B: 4 panele van 800 x 104 x 4 mm
- Pootkant C: 4 panele van 800 x 104 x 4 mm
- Pootkant D: 4 panele van 800 x 100 x 4 mm

Ander:

- Houtlym
- 45 mm-spaanderbordskroewe
- Spieëlkleefiniddel (ons het Bostik Mirror gebruik)
- Skerp potlood en maatband
- Koordlose of kragboor met 3 mm-boorpunt
- Versink- of kombinasieboorpunt

Metode:

1.) Maak die tafelblad: Gebruik 'n kort sy van 400 x 100 x 16 mm as 'n riglyn en meet en merk 'n 16 mm-lyn van die bokant van die kortsyplanke en langsy-planke.

2.) Gebruik die boor en die 3 mm-boorpunt om eweredig gespasiëerde leigate in die middel op die 16 mm-breed dele te boor wat jy op albei die planke van die kort en lang sye gemerk het. Begin by een hoek en eindig by die ander hoek. Gebruik 'n versinkboorpunt om elke gat uit te hol.

Wenk: Ons het 'n kombinasieversinkboorpunt gebruik, wat'n mens in staat stel om die 3 mm-leigat te boor en die gat terselfdertyd te versink.

3.) Maak 16 mm-breed merke aan weerskante van die kort sye en herhaal die werkwyse van stap 2 om gate te versink.

4.) Lym en skroef (met die 45 mm-spaanderbordskroewe) elke langsy-plank aan 'n lang sy van die tafelbladdeel van 1200 x 368 x 16 mm vas. Dit sal 'n U-vormige raamwerk gee.

5.) Lym en skroef (met 45 mm-spaanderbordskroewe) 'n kortsy-plank aan elke punt van die raamwerk vas. Jy sal nou 'n boks met een oop sy hê.

6.) Maak die tafelpote: Elke tafelpoot bestaan uit vier stukke hout wat aanmekaar gesit moet word. Merk 'n lyn 16 mm van albei kante binnetoe op die 800 mm-lengte van 'n pootplankkant A. Doen dieselfde aan net een kant van die 800 mm-lengte van 'n pootplankkant B en 'n pootplankkant C. Boor en versink eweredig gespasiëerde gate (soos in stap 2) op die dele wat jy gemerk het op planke A, B en C.

Skroef die pote met die 45 mm-spaanderbordskroewe vas.

Onthou om al die lasplekke te lym voordat die dele aanmekaar geskroef word. Dele C en D sal so effens uitsteek omdat dit langer is. Herhaal totdat al vier pote op dieselfde manier aanmekaar vas gesit is.

7.) Sit die voltooide pote binnekant die onderkant van die omgedraaide tafelblad neer. Smeer genoeg lym aan waar die oppervlakke bymekaar kom. Dit moet deeglik vasgelym word, aangesien dit stewigheid aan die struktuur sal verleen.

- 8.) Verleng die lyne (wat jy in stap 6 gemerk het) van die pote tot op die kante van die tafelblad. Dit sal aandui waar die skroewe ingesit moet word om die tafelpote stewig in posisie te hou.
- 9.) Boor en versink gate en gebruik dan 45 mm spaanderbord-skroewe om die pote vas te skroef.
- 10.) Sit die spieëlpanele in posisie vas. Draai die tafel om sodat dit op die pote staan. Neem die eerste ooreenstemmende spieëldeel (volgens die saaglys, wat met mekaar ooreenstem) en smeer genoeg kleefmiddel aan. Druk egalig oor die hele oppervlak tot die spieël in die regte posisie vassit. Onthou, party van die spieëldele sal die rande met 4 mm oorvleuel by een, albei of alle sye om die rande van die naasliggende spieëldeel of -dele te bedek. Plak al die spieëldele aan die een sy en laat die kleefmiddel hard word voordat die tafel gedraai en die volgende sy bedek word.
- Belangrik: Werk versigtig met die spieël en vermy die rande.